



DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die tiende verslag vanjaar.

Politiek

- Die plaaslike politieke toneel word al hoe meer oorheers deur die aanloop tot die verkiesing van die president van die regerende party in Desember. Daar is steeds geen duidelike voorloper in hierdie wedloop nie. Die onsekerheid rondom die verkiesing asook die spanning wat daarna in die politieke arena na vore kan tree, kan wel die plaaslike finansiële markte in die volgende paar maande en jare beïnvloed. Tans is daar ook geen aanduiding van hoeveel persone nog in die pad gesteeek sal word nie.
- Die politieke situasie in Darfoer, Somalië en die DRK bly onstabiel, maar met beperkte invloed op die wêreldtoneel.
- Daarteenoor het die situasie in die Midde-Ooste 'n verdere spanning ontwikkel met die Turke en Koerde wat mekaar die stryd aansê in die noorde van Irak. Hierdie situasie sowel as die voortgesette stryd in Irak en spanning tussen Iran en westerse moondhede, beïnvloed steeds die oliemarkte.
- Die Zimbabwe situasie verswak steeds met inflasie en werkloosheid wat gedy en die president wat Portugal sal besoek. Intussen sal ons dit stilswyend aanskou.

Internasionaal

- Die internasionale toneel word steeds oorheers deur die onstabieleit wat in die finansiële, kommoditeits- en aandelemarkte voorkom weens die probleme wat hul oorsprong in die sub-prima huismark van die VSA het. Die vrese bestaan dat die impak wat hierdie probleme op veral finansiële instellings sal hê nog geruime tyd 'n invloed op die wêreld se likiditeit sal uitoefen en dat meer banke en ander finansiële instellings probleme sal ervaar. Die aanduidings is dat hierdie probleme vir minstens nog ses maande kan voortduur – en onstabieleit dus ook.
- Die jongste aanduidings is dat ekonomiese groei wêreldwyd aan die gang bly. Die risiko bestaan egter dat die probleme van die huisektor in die VSA, die res van die ekonomie sal aantast en dat private verbruiksbesteding, wat tweederdes van besteding in die VSA uitmaak, sal verlangsaam. Intussen vertoon VSA uitvoere sterk weens die verswakking van die dollar en was groei in die derde kwartaal aansienlik sterker as verwag met 'n 3.9% groeikoers op 'n jaarbasis teenoor 3.8% in die tweede kwartaal. Aanduidings is egter dat groei in komende maande sal verlangsaam en dat die gemiddelde groei in 2008 onder 2% sal wees. Hierdie verlangsaaming van die VSA ekonomie, tesame met 'n sterker euro en sterling teenoor die dollar, het 'n negatiewe impak op groei van Euroland en die VK. Terselfdertryd het die Japanse owerhede die verwagte groei in hul ekonomie ook van meer as tot minder as 2% verlaag vir die huidige finansiële jaar wat in Maart 2008 ten einde loop. Intussen bly die verwagte groei in China meer as 10% in 2007 en 2008, met Indië en ander Asiatiese lande wat steeds sterk groei sal toon. Die olieproduserende lande toon ook sterk groei weens die sterk toename in die olie inkomstes.
- Inflasie bly tans in al die groot nywerheidslande onder beheer. Die vrese bestaan egter dat inflasie in 2008 in verskeie lande kan styg weens die toename in energie- en loonkoste. Die aanduidings is ook dat die periode van lae inflasie wat uit China na die res van die wêreld oor die afgelope aantal jare



uitgevoer is, tans tot 'n einde kom. Hierdie inflasie vrese word verder aangevuur deur die verlaging van VSA korttermynrentekoerse terwyl ander nywerheidslande se rentekoerse stabiel gehou word, terwyl likiditeit in die finansiële markte ingepomp word om die beperkende effek wat die sub-prima VSA huismark het, teen te werk.

- VSA korttermynrentekoerse is op 31/10 verder verlaag met die Fed funds koers wat tot 4.50% verlaag is. Die aanduidings wat die Fed gegee het tydens hierdie aankondiging, is dat hierdie rentekoerse heel moontlik nie weer vanjaar verlaag sal word nie. Gegewe die probleme wat die VSA ekonomie tans ervaar, is die risiko dat rentekoerse eerder laer as hoër sal neig in die volgende ses maande. In die VK is die jongste aanduidings dat hierdie rentekoerse in die volgende aantal maande eerder kan daal as styg. In Euroland en Japan word verwag dat hierdie rentekoerse in die res van die jaar en in die eerste kwartaal van 2008 stabiel sal wees. Chinese rentekoerse sal tot einde van 2008 aanhou styg.
- Langtermynrentekoerse het die afgelope tyd in die meeste groot nywerheidslande gedaal, soos fondse na hierdie markte gekanaliseer is as 'n verskansing teen die onsekerhede wat in ander markte ervaar is. Hierdie neiging kan tot in die eerste kwartaal van 2008 voortduur – gegewe die verwagte onsekerhede wat sal voortduur.
- Algemene kommoditeitsmarkte is die afgelope tyd steeds bevoordeel deur die verdere invloed van spekulatiewe en beleggersfondse. Die voortgesette lae Japanse, sowel as verlaging van VSA korttermynrentekoerse, stimuleer die vraag na kommoditeite as alternatiewe beleggers- en winsmoontlikhede. Hierdie markte word ook ondersteun deur die voortgesette sterk fisiese vraag wat veral uit die Verre-Ooste kom.
- Die goudprys het die afgelope week die vlak van \$800 amper gehaal, maar was in elk geval op die hoogste vlak sedert Januarie 1980 na die destydse Iraanse rewolusie. Die internasionale oliepryse het die afgelope week ook nuwe rekordvlakke van meer as \$90 per vat gehaal. Die goud- en oliepryse word ondersteun deur die daling in VSA rentekoerse, die lae Japanse rentekoerse en die politieke onstabieleit in die Midde-Ooste. Die goudprys word verder ondersteun deur die vrese dat inflasie in 2008 sal versnel. Die olieprys word verder ondersteun deur die vrese dat voorrade nie voldoende sal wees nie vir die winter wat in die noordelike halfmond verwag word, niteenstaande aardverwarming!

Plaaslik

- Volgens die mini-begroting word 'n verlangsaming van ekonomiese groei in 2007 verwag van 5% tot 4.9%! Hierdie "geweldige" verlangsaming sal die gevolg wees van stadiger groei in privaatverbruiksbesteding, maar sal versag word deur die toename in investering van die openbare sektor. (Dis die R500 miljard besteding wat so stadigaan op dreef kom.) Die minister het wel aangekondig dat hy nie die verbruiker in Februarie 2008 weer eens sal stimuleer deur verlaagde belastingkoerse nie. Niks is egter oor Februarie 2009 genoem nie - so net voor die volgende verkiesing.
- Die aanduidings is dat die tekorte op die handels-, dienste- en lopenderekeninge van die betalingsbalans steeds sal toeneem in die volgende aantal jare. Die vertroue is dat hierdie tekorte steeds deur die invloed van korttermyn kapitaal van die buiteland gefinansier sal word. (Daar is ook nog twee banke oor wat aan buitelanders verkoop kan word.) Tans is die betalingsbalans redelik goed onder beheer, maar die risiko's is steeds besig om groter te word.



- Die belastinglas op die plaaslike ekonomie word al hoe groter en dui daarop dat die rol van die staat 'n al hoe groter impak op die funksionering van die ekonomie het. Intussen dui die sentrale owerheid se begroting daarop dat die staat wel 'n surplus in die volgende drie jaar op sy begroting behoort te toon. Ongelukkig neem die besteding aan welsynsdienste steeds toe, terwyl daar geen aanduiding is dat die produksiesektore van die ekonomie enige ondersteuning kan verwag nie. Provinsiale en plaaslike owerhede kry verder finansiële ondersteuning van die sentrale regering, maar dit sal plaaslike owerhede nie uit hulle finansiële verknorsing red nie.
- Inflasie gemeet volgens die VPI-X bly stewig bokant die 6% mikpunt van die sentrale bank. Die aanduidings is dat hierdie situasie ook volgende jaar sal voortduur weens die verwagte hoë vlak van voedselpryse, die styging in energiekostes, die sterk toenames in lone en salarisse en voortgesette sterk toenames in die tariewe van veral plaaslike owerhede. Plaaslike voedselpryse kan dalk 'n versagende invloed op inflasie hê, maar die aanduidings is dat internasionale voedselpryse hoog sal bly.
- Die voorsiening van opgeleide persone weens die probleme wat tans in die onderwys- en opleidingsinstansies ervaar word, bly vir my die grootste kopseer ten opsigte van die langtermyn groeipotensiaal van die plaaslike ekonomie. Tans sien ek nie enige noemenswaardige oplossings vir hierdie probleme in die volgende aantal jare nie.
- Die risiko ten opsigte van korttermynrentekoerse bly dat hulle verder sal styg weens die inflasiekoers wat bokant die mikpunt van die sentrale bank is. Ek verwag steeds dat hierdie rentekoerse in 2008 eerder verder sal styg of stabiel sal wees as dat hulle sal daal.
- Langtermynrentekoerse het die afgelope tyd gedaal weens die aanduidings dat die staat nie enige noemenswaardige leningsbehoefte sal hê nie weens die verwagte surplus op die staatsbegroting. Hierteenoor moet in gedagte gehou word dat die besteding van R500 miljard in die volgende sowat vyf jaar, wel druk op binnelandse bronne kan plaas. Enige noemenswaardige uitvloeï van buitelandse kapitaal, sal ook hierdie koerse laat styg.

Beleggingsomgewing

- Die dollar bly verswak teenoor die belangrikste geldeenhede omdat verwag word dat VSA rentekoerse verder sal daal. Hierdeur word die gaping tussen VSA en Euroland koerse vernou, terwyl dit groter word tussen byvoorbeeld die VSA en die VK, Australië, Nieu-Seeland en die RSA. Die verwagting is dat hierdie neiging nog tot minstens in die eerste helfte van 2008 sal voortduur. Die dollar kan dus nog geruime tyd swak vertoon teenoor ander geldeenhede. Dit sal uitvoere en groei van die VSA stimuleer.
- Die afname in die verdienste wat beleggers en spekulante het weens die daling in rentekoerse, stimuleer die vraag na kommoditeite en aandele. Tesame met die voortgesette fisiese vraag na kommoditeite, bly die opwaartse neiging in kommoditeitspryse aanwesig. Aandelepryse word van tyd tot tyd wel gedemp weens die vrese dat veral banke nadelig getref word deur die verliese wat gely word weens die slegte skulde wat hul oorsprong in die VSA huismark het. Die vrese bestaan ook dat die ekonomieë van die groot nywerheidslande swakker sal vertoon in 2008 en winsgroei dus sal verlangsam.
- Plaaslik bly die rand baie sterk – eintlik te sterk – teenoor alle geldeenhede en plaas dit die produksiesektore van die ekonomie onder groot druk. Die landbou-, mynbou- en vervaardigingssektore sal dit al hoe moeiliker vind om internasionaal of plaaslik te kan meeding. Dit



kan wel 'n impak op die aandaelpryse van maatskappye in hierdie sektore hê in komende maande. Gegewe die toename in die kostebasis van die plaaslike ekonomie oor die afgelope aantal jare, behoort die rand in die langer termyn teenoor die belangrike geldeenhede van die wêreld te verswak.

- Die aanduidings is dat plaaslike korttermynrentekoerse stabiel tot hoër sal neig in komende maande. Langtermynrentekoerse word nog nie deur die inflasieneigings of die besteding aan die infrastruktuur beïnvloed nie, maar wel deur die verwagte surplus op die staatsbegroting vir die volgende drie jaar.
- Die plaaslike aandelemark sal steeds bevoordeel word deur die voortgesette sterk groei weens die besteding van R500 miljard in die volgende sowat vyf jaar. Die plaaslike aandelemark sal egter nie die neigings van internasionale aandele-, finansiële of kommoditeitsmarkte ontsnap nie

Ulrich Joubert
3 November 2007.